# DOEANE VERHOOG VOORTDUREND DIE JAAR-OP-JAAR AANTAL BESLAGLEGGINGS: GOEDERE TER WAARDE VAN R 3.7 MILJARD DEUR DOEANE OP BESLAG GELÊ GEDURENDE DIE VORIGE FINANSIËLE JAAR.

**Pretoria, 18 April 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die nuutste gekonsolideerde doeane beslagleggingstatistieke, vanaf 1 April 2018 tot 31 Maart 2019, vrygestel. Die totale waarde van alle gekonfiskeerde goedere beloop R3 694 742 928.

Die statistieke sluit ondermeer in:

- Dwelmmiddels: 892 beslagleggings ter waarde van R535 132 535
- Sigarette: 220 beslagleggings ter waarde van R50 252 520
- Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies van Wilde Fauna en Flora (CITES), insluitend bedreigde spesies soos perlemoen): 43 beslagleggings ter waarde van R42 224 372
- Geldeenheid: 14 beslagleggings ter waarde van R64 986 630
- Viagra / generiese Viagra: 170 beslagleggings ter waarde van R69 280 100
- Nagemaakte klerasie, skoeisel en ander goedere: 1 526 beslagleggings ter waarde van R2 710 118 775
- Klerasie en tekstiel (tweehandse en ander oortredings): 407 beslagleggings ter waarde van R7 988 166
- Alkohol: 298 beslagleggings ter waarde van R18 430 752

Vergeleke dieselfde tydperk gedurende die vorige finansiële jaar (April 2017 tot Maart 2018), het die aantal beslagleggings toegeneem van 4 840 tot 6 828, en die waarde van die beslagleggings het toegeneem van R2 461 425 369 tot R3 694 742 928.

"Waarnemende uitvoerende beampte Beyers Theron loof doeane-beamptes vir die versekering dat Suid-Afrika se hawens van binnekoms geslote bly vir verbode goedere. Reisigers word aangemoedig, veral gedurende hierdie tydperk, om hulself te vergewis van goedere wat toegelaat word of nie, om hulle reis in en uit die land te vergemaklik."

- Van die hoe profiel beslagleggings wat gedurende die vorige jaar plaasgevind het, sluit in:
- Dagga-olie, met 'n geskatte waarde van R300 000 000, onderweg van Kanada na Suid-Afrika, by die Durbanse hawe gekonfiskeer op 7 Januarie 2019.
- Acetanthranil (mandrax voorloper), met 'n geskatte waarde van R45 000 000, onderweg van Hong Kong na Suid-Afrika, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 17 Desember 2018
- Acetanthranil (mandrax voorloper), met 'n geskatte waarde van R43 000 000, onderweg van Hong Kong na Suid-Afrika, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 17 Desember 2018
- Libido-opkikkers (generiese Viagra) ter waarde van R30 000 000, onderweg van Indië na Suid-Afrika, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 13 Mei 2018.
- Libido-opkikkers (generiese Viagra) ter waarde van R24 192 000, onderweg van Indië na Suid-Afrika, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 13 Desember 2018.
- Libido-opkikkers (generiese Viagra) ter waarde van R4 400 000, onderweg van Hong Kong na Suid-Afrika, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 30 Desember 2018.
- Haaivinne, met 'n geskatte van R7 200 000, onderweg van Brasilië deur Suid-Afrika na Hong Kong, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 4 Maart 2019
- Perlemoen met 'n geskatte waarde van R8 960 000, onderweg van Kaapstad na Johannesburg, by City Deep gekonfiskeer op 15 Februarie 2019
- Renosterhorings met 'n geskatte waarde van R23 200 000, onderweg van Suid-Afrika na Dubai, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 9 Januarie 2019
- Geldeenheid (USD) gelykstaande aan R9 460 500, onderweg van Suid-Afrika na Hong Kong, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 11 September 2018
- Geldeenheid (USD) gelykstaande aan R13 798 882, onderweg van Suid-Afrika na Dubai, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 25 Februarie 2019
- Geldeenheid (USD) gelykstaande aan R14 298 360, onderweg na China van Angola deur Suid-Afrika en Dubai, by OR Tambo Internasionale Lughawe gekonfiskeer op 30 Desember 2018
- 1 766 200 Sigarette by Beitbrugse grenspos gekonfiskeer op 17 April 2018
- 2 869 480 Sigarette by Beitbrugse grenspos gekonfiskeer op 27 Maart 2019
- 5 012 040 Sigarette by Beitbrugse grenspos gekonfiskeer op 24 November 2018